U3A Stilbaai Nuusbrief: nr 6, November 2015

Algemene Vergaderings (AG)

Ons volgende AG sal plaasvind op **Maandag, 30 November 2015 om 09h30.**

Ons spreker vir November:

Volgende Maandag se U3A Stilbaai praatjie kom van Stefan Pretorius en is getiteld “hoë vet en lae koolhidraat dieet" vs die "eet alles in matigheid dieet".

Hy sal Banting, diabetes, suiker, vet, die huidige saak teen Noakes deur die Raad vir Gesondheidsberoepe van SA , vrugte, graan, dieetkundiges, “Big Food”,” Big Pharma” en demensie dek en ook kyk na die geskiedenis agter dit alles.

Ons gaan weer U3A Stilbaai lidmaatskapsfooie (van R 30 pp lid per jaar maar net R 20 vir die wat Maandag aansluit) insamel vanaf 9h00 voor die AG om 9h30 begin. Nuwe lede sal ook lidmaatskap ontvang wat sal geld tot einde Mei 2016.

Ander sprekers en onderwerpe vir AGs later hierdie en volgende jaar is:·

- Januarie 2016: “Latest info on Climate Change”: Prof Mike Lucas van UK
- “A Sub Antartic trip to Bouvier Island”: Wendy Wilson
- “A trip to the stone churches in Eastern Ethiopia”: Dave Carter

(Die meerderheid van praatjies sal in beide Afrikaans en Engels wees.)